Dr. C. van Gelderen, *De boeken der Koningen, opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard*, III, 2 Kon. 5-17, tweede druk, J. H. Kok N.V., Kampen, 1956.

Reeds vroeër het die resensent sy leedwese daaroor uitgespreek dat die deeltjies van die serie "KorteVerklaring der Heilige Schrift" ongewysig herdruk word. Dit het ook met hierdie deeltjie weer gebeur. Die resultaat is dat die leser hier die stand van die wetenskap van twintig jare gelede vind, en dat niks van wat sedert daardie tyd aan die lig gebring is, in hierdie toeligting op die Heilige Skrif aangetref word nie. Dit getuig nie van veel liefde vir die Heilige Skrif nie, en dien net so min die nagedagtenis van die skrywer. Ons het hom geken as iemand wat sy lewe lank daarna gestrewe het om kennis te neem van alles wat die Skrif kon ophelder; hy sou self die eerste gewees het om bv. by die vermelding van Hasael te verwys na sy naamsvermelding op 'n ivoorplaatjie; om by 2 Kon. 10:1 die uiters belangwekkende beskouings van Alt oor *Die Stadtstaat Samaria* te bespreek; om by die vermelding van „die ingang van Hamat" daarop te wys, dat met hierdie uitdrukking vermoedelik die stad Labo bedoel is; om by die bespreking van die inname van Elat deur die Edomiete die Amerikaanse opgrawing van Tell elKheleifeh te vermeld.

Vir studiedoeleindes kan ons daarom hierdie en dergelike herdrukke onmoontlik aanbeveel.

A. van Selms.

DR. A. NOORDTZIJ. *De profeet Ezechiël opnieuw uit die grondtekst vertaald en verklaard.* I, Hoofdstuk 1-24, tweede druk, J. H. Kok N.V., Kampen 1956.

Van hierdie deeltjie uit die „Korte Verklaring der Heilige Schrift" geld dieselfde as wat ons hierbo oor VAN GELDEREN, *Koningen*, III, opgemerk het. Dit vervul ons met smart en verontwaardiging, veral waar dit hier die werk betref van 'n geleerde wie se lesings ons self 'n paar jaar gevolg het en wie se nagedagtenis ons wil eer. Nou stuur die manne, in wie se hande blykbaar sy letterkundige nalatenskap berus, dit die wêreld in met bv. 'n bibliografie wat nie verder as die jaar 1931 reik nie!

A. VAN SELMS.